# *WAT MARKUS ONS VAN JESUS LEER*

*Markus is van die eerstes wat die Evangelie van Jesus opgeteken het. Soveel wonderlike dinge word deur Markus vir ons ten opsigte van Jesus uitgelig. God het dit so met 'n sekere doel beskik. Ons sal nooit genoeg van Jesus, ons liefdevolle Verlosser kan leer nie. Hierdie opsomming/kerngedagtes van die boek Markus kan as bybelstudie gids gebruik word en sal u help om oor al die wonderlike dinge wat Jesus op aarde gedoen het, te mediteer. Maak gerus ook u eie aantekeninge soos God Sy Woord aan U openbaar.*

***Markus 1***

***v9:*** *Jesus is nederig*

***v11:*** *Jesus is die Seun van God. God verbly Hom oor Sy Seun.*

***v13:*** *Jesus het gely op aarde, Hy het gevas en is versoek; Engele het Hom kom versorg.*

***v14:*** *Jesus is Alwetend. Hy ken die regte tyd om dinge te laat gebeur.*

***v15:*** *Jesus bring God se koninkryk aarde toe. Jesus leer ons hoe om God se koninkryk te ontvang.*

***v16:*** *God het absolute gesag; Hy roep Sy dissipels en gee aan hulle beloftes.*

***v21:*** *Jesus soek op die Rusdag gemeenskap met gelowiges op.*

***v25:*** *Jesus leer die mense met gesag en oortuiging; Hy tree streng op teenoor satan.*

***v31:*** *Jesus is vol deernis en liefde. Hy is nederig en behulpsaam*

***v32:*** *Jesus werk hard, selfs in die nag.*

***v34:*** *Jesus het al die mense genees; Hy maak die duiwels stil.*

***v35:*** *Jesus staan vroeg op om te bid op eensame plekke waar Hy alleen is.*

***v36:*** *Jesus se boodskap is vir almal.*

***v41:*** *Jesus kry die hulpbehoewenes jammer; Hy wil ons genees.*

*v44: Jesus soek nie eer vir homself nie.*

***v45:*** *Jesus preek ook buite die kerk, in die veld.*

***Markus 2***

***v5:*** *Jesus vergeef sondes*

***v8:*** *Jesus ken die mens se gedagtes*

***v10:*** *Jesus het die volmag om mense se sondes te vergewe.*

***v13:*** *Jesus is lief vir die see.*

***v14:*** *Jesus kan ook slegte mense vir Sy doel gebruik.*

***v15:*** *Jesus eet ook by slegte mense en sondaars.*

***v17:*** *Jesus het gekom om sondaars van hulle sondes te verlos.*

***v19:*** *Jesus is ons bruidegom*

***v22:*** *Jesus praat met mense deur stories en beelde te gebruik.*

***v27:*** *Jesus is die Here van alles, ook van die Sabbat.*

***Markus 3***

***v5:*** *Jesus het kwaad geword vir mense met harde harte.*

***v9:*** *Jesus het selfs 'n boot as preekstoel gebruik.*

***v11:*** *Tot selfs die duiwels het geweet dat Jesus die Seun van God is.*

***v13:*** *Jesus kies mense as werktuie vir Hom.*

***v15:*** *Jesus rus mense toe om te preek en duiwels uit te dryf.*

***v20:*** *Jesus keer telkens terug huis toe; Hy was dikwels so besig dat Hy nie kans gekry het om te eet nie.*

***v21:*** *Jesus se familie het Hom dikwels nie verstaan nie.*

***v23:*** *Jesus het dikwels deur gelykenisse en voorbeelde gepraat.*

***v30:*** *Jesus praat met mense deur hulle liefdevol te leer.*

***v35:*** *Jesus sê elkeen wat aan Hom gehoorsaam is, is Sy broer, suster en moeder.*

***Markus 4***

***v33:*** *Jesus verklaar nie al sy gelykenisse aan almal nie.*

***v38:*** *Jesus antwoord soms nie dadelik nie, om ons geloof te toets.*

***v39:*** *Jesus is almagtig en beheer die natuur.*

***v40:*** *Jesus vra:  Waarom is jy bang? Het jy dan nie geloof nie?*

***Markus 5***

***v6:*** *Selfs  bose geeste erken Jesus as die Seun van God.*

***v13:*** *Het Jesus deernis vir duiwels openbaar?*

***v18:*** *Jesus maak dissipels selfs van duiwelbesete mense wat deur Hom gereinig word; Hy doen moeite om selfs net een mens te red.*

***v23:*** *Jesus hoor en verhoor die mens wat in nood na Hom roep.*

***v30:*** *Jesus se hele wese, klere ingesluit, is heilig en het krag.*

***v36:*** *Jesus versterk 'n mens se geloof.*

***v42:*** *Jesus is Almagtig; Hy het die dood oorwin.*

***Markus 6***

***v3:*** *Jesus is deur Sy eie mense verwerp en geminag.*

***v4:*** *Jesus doen  wonderwerke waar Hy geloof vind.*

***v6:*** *As jy nie op Jesus se boodskap reageer nie, verlaat Hy jou.*

***v7:*** *Jesus gee aan mense mag oor bose geeste.*

***v31:*** *Jesus se vir ons wat moeg word langs die lewenspad:"Kom alleen saam met my na 'n stil plek toe en rus 'n bietjie."*

***v34:*** *Jesus voel innig jammer vir ons.*

***v44:*** *Jesus vra God se seën op die voedsel. Jesus voorsien genoegsaam.*

***v50:*** *Jesus is by ons wanneer ons bang word.*

***Markus 7***

***v7:*** *Menslike tradisies en gebuike is nie vir Jesus belangrik nie, opregtheid is wat tel.*

***v24:*** *Jesus wil nie op die voorgrond wees nie maar staan tog uit vanweë Sy Goddelikheid.*

***v30:*** *Jesus dryf duiwels uit 'n kind uit sonder om by die kind te wees, of iets vir die duiwel te sê. Hy laat dit net gebeur.*

***v31:*** *Effata; Jesus genees op 'n ander manier.*

***Markus 8***

***v1-9:*** *God ken ons behoeftes en sorg vir ons maar wil ons veral gebruik om Sy koninkryk te laat kom.*

***v12:*** *Mense se ongeloof maak Jesus moedeloos.*

***v21:*** *Jesus wil hê ons moet onthou wat Hy sê. Hy wil hê ons moet Sy Woord verstaan.*

***v26:*** *Jesus herhaal Sy genesingswonderwerke om ons geloof op te bou.*

***v27:*** *Dit is vir Jesus belangrik dat ons Sy ware identiteit sal ken.*

***v33:*** *Vir Jesus is waarheid belangriker as vriendskap.*

***v34:*** *Indien ons agter Jesus aan wil kom, moet ons onsself verloën, ons kruis opneem en Hom volg.*

***Markus 9***

***v2:*** *Die hoogste intimiteit en heiligheid kom vir klein groepies mense.*

***v9:*** *Jesus is God se geliefde Seun. Ons moet na Hom luister.*

***v12:*** *Jesus het gely en is verag deur mense vir wie se sondes Hy kom boet het.*

***v16:*** *Jesus beskerm sy volgelinge teen satan.*

***v19:*** *Jesus praat hard met ongelowiges*

***v21:*** *Jesus skrik nie vir satan se manifestasies nie.*

***v31:*** *Jesus voorspel wat met Hom gaan gebeur.*

***v35:*** *Jesus is die minste en dien almal.*

***v49:*** *Jesus waarsku Sy volgelinge dat hulle ook, soos Hy, sal ly.*

***Markus 10***

***v14:*** *Jesus is lief vir mense wat kinderlik gelowig is.*

***v21:*** *Jesus het ook arrogante, voortvarende, opgeblase rykes lief.*

***v30:*** *God gee alles, ook vervolging en die ewige lewe*

***v32:*** *Jesus was soms alleen.*

***v43:*** *Jesus, die perfekte, nederige dienaar op aarde.*

***v45:*** *Jesus kom gee Sy lewe as losprys vir ons sondes.*

***v52:*** *Jesus is lief vir ons en genees ons.*

***Markus 11***

***v4:*** *Jesus weet alles en ken die toekoms*

***v7:*** *Jesus is nederig.*

***v12:*** *Jesus het ook honger geword.*

***v15:*** *Jesus tree in belang van Sy Vader op.*

***v17:*** *Jesus ken die profesieë.*

***v24:*** *Jesus leer ons hoe om te glo.*

***v25:*** *Jesus gee ons goeie raad ten opsigte van gebedsverhoring.*

***v29:*** *Jesus is baie slimmer as die wetsgeleerdes.*

***Markus 12***

***v2:*** *Jesus verwag dat ons vir Hom moet vrugdra.*

***v7:*** *Jesus wys ons hoe dom en sleg satan is.*

***v11:*** *Jesus verwys na Homself as die belangrike hoeksteen.*

***v14:*** *Jesus is eerlik en word nie deur mense se belangrikheid beïnvloed nie. Jesus is getrou aan die waarheid en maak God se wil bekend.*

***v24:*** *Jesus is geduldig selfs met sy vyande.*

***v28:*** *Jesus gee altyd 'n goeie antwoord.*

***v34:*** *Jesus gee 'n kompliment, selfs aan sy vyand.*

***v38:*** *Jesus leer mense deur hulle vrae te beantwoord.*

***v39:*** *Jesus waarsku teen die optredes van sekere leraars.*

***v44:*** *Jesus is lief vir arm mense wat Hom probeer dien*

***Markus 13***

***v5:*** *Jesus waarsku die mense*

***v32:*** *Iets wat Jesus nie weet nie.*

***Markus 14***

***v3:*** *Jesus is nie skaam om by arm, siek mense te kom nie.*

***v6:*** *Jesus waardeer goeie dade teenoor Hom.*

***v8:*** *Wat Jesus beloof, word waar.*

***v25:*** *Jesus is gewillig om te ly vir ons redding.*

***v27:*** *Jesus beloof dat Hy uit die dood sal opstaan.*

***v32:*** *Jesus wys ons hoe om in doodsbenoudheid op te tree.*

***v33:*** *Jesus was benoud tot sterwens toe.*

***v36:*** *Jesus berus in God se wil vir Hom.*

***v37:*** *Jesus het dit nodig gehad om te waak en te bid.*

***v41:*** *Jesus deins nie terug vir lewensbedreigende probleme nie.*

***v48:*** *Jesus bly liefdevol selfs teenoor Sy verraaiers.*

***v55:*** *Jesus is die perfekte voorbeeld en doen nooit iets verkeerd nie.*

***v60:*** *Al word Jesus valslik beskuldig, verweer Hy homself nie.*

***v62:*** *Jesus erken dat Hy die Messias is.*

***v68:*** *Petrus verloën Jesus.*

***Markus 15***

***v1:*** *Jesus laat toe dat Hy geboei word. So help Hy ons om waarlik vry te wees.*

***v5:*** *Jesus is die Offerlam vir ons sondes.*

***v16:*** *Jesus het Sy alles gegee om ons te red; Sy klere, Sy eer, Sy vergifnis, Sy lewe.*

***Markus 16***

***v6:*** *Jesus is gekruisig en is uit die dood opgewek.*

***v8:*** *Jesus het deernis vir vroue*

***v14:*** *Jesus is teleurgesteld in die mense wat Hom nie glo en vertrou nie.*

***v15:*** *Jesus gee die opdrag dat ons Sy evangelie oor die wêreld moet verkondig.*

***v16:*** *Jesus waarsku teen die valse dogma van kerkleiers. [NOTA: Die regte vertaling van Markus 16:16 van 1953:* **Hom laat doop** *teenoor die verkeerde vertaling van 1983 volgens die Rooms-Katolieke babadoop.]*
***v17:*** *Jesus beloof wondertekens vir die wat glo: genesing, spreek in tale, om duiwels uit te dryf, nie deur slanggif geaffekteer te word nie.*
***v19:*** *Jesus het opgevaar en sit aan die regterhand van God, ons Erekoning.*
***v20:*** *Jesus werk saam met die wat Sy Evangelie verkondig. Hy bekragtig Sy Woord met wondertekens.*